

MEDIAVERKLARING

DATUM: 2 September 2027
UITGEREIK DEUR: Elmarie Prinsloo
Tel. 051-4489894/5
E-pos: ceo@bloemskou.co.za
HOEDANIGEID: Hoof-Uitvoerende Beampte
Bloemskou

Bloemskou 2027: 22 April tot 1 Mei 2027

Beplanning vir die **2027 Bloemskou** is reeds volstroom aan die gang! Volgende jaar se skou vind plaas van **22 April tot 1 Mei 2027**, met die vrolike en opwindende tema “**Sports**” wat belooft om ’n fokus op alles aspekte van sport en balle in die uitstallings te bring.

Soos altyd kan besoekers uitsien na **twee openbare vakansiedae** tydens die Bloemskou – **Dinsdag, 27 April (Vryheidsdag)** en **Saterdag, 1 Mei (Werkersdag)**. **Maandag 26 April 2027** sal ook ’n skole vakansiedag wees – wat dit die ideale tyd maak vir ’n wegbreek saam met familie en vriende.

Na die groot teleurstelling van geen beeste en kleinvee tydens vanjaar se skou as gevolg van Bek-en-Klouseer, sien genootskappe, telers en boere uit na die terugkeer in 2027.

Bloemskou bou vir hierdie 144ste skou voort op die voorreg om as die enigste skou in Suid-Afrika te wees, wat vermaak, landboukampioenskappe en kommersiële aktiwiteite op só ’n groot skaal kombineer.

Die voorbereidings vir 2027 toon reeds groot belangstelling:

- Die **landboukampioenskappe** is **vol bespreek**,
- **Uitstallings besprekings** is **reeds oop**,
- **Kosstalletjies** is **vol bespreek**, en
- Kategorieë soos **leerprodukte**, **juweliersware** en **speelgoed** is reeds vol.

Belangstellendes in uitstallings word aangemoedig om vroegtydig aansoek te doen, veral vir **tegnologie-, buitelug-, huisware-, meubels-, klere- en leefstylprodukte**.

Aansoeke vir die gewilde “**Gift Shop**”, waar Bloemskou namens uitstallers verkoop, **open op 1 November 2026**.

Geleë in die hart van Suid-Afrika, dien **Bloemskou** as 'n ontmoetingsplek waar **besigheidsmense, boere en besoekers** jaarliks bymekaarkom om sake te doen en sosiaal te verkeer. Die skou bied 'n **eenstopbestemming vir vermaak, kuier, koop en ontspanning** – 'n hoogtepunt op die Suid-Afrikaanse kalender.

Merk die datum aan jou kalender!

Kom kuier saam by **Bloemskou 2027** van **22 April tot 1 Mei** met die tema **“Sports”** – dit belooft om 'n onvergeetlike ervaring te wees!

Vir meer inligting besoek **www.bloemskou.co.za** of skakel **051 448 9894**.

Persv2027datum/emp